# KOERSVAS

Jaargang 9 Uitgawe 192
16 Julie 2021


In hierdie uitgawe:
Redaksioneel
Berigte en
Kennisgewings

**REDAKSIONEEL**

**Verklaar tot vyand**

Die Corona-virus het diep foutlyne – wat lank reeds bestaan het – duidelik na vore laat kom. Die verdere verloop en afloop van hierdie krisis het die potensiaal om skeidslyne so diep in te ets dat ons as Afrikaner gemeenskap uitmekaar kan spat. Die Afrikaner is nie die algemene verdeling in die wêreld gespaar nie.

Daar is diegene wat die grendeltyd en inperkings van harte ondersteun en daar is diegene wat hand en tand veg teen die inperkings en alles daarmee saam. Daar is diegene wat *ivermektien* en *hydroxychloriquin* ondersteun en diegene wat dit van die tafel vee. Daar is diegene wat klaar ingeënt is en daar is die mense wat dit nie eens as laaste daad op aarde oorweeg nie. Daar is diegene wat die maskers afruk en daar is diegene wat mens-alleen in die voertuig die masker dra. Beledigings word van beide kante geslinger en die morele druk wat op mense geplaas word maak dit haas onmoontlik om neutraal en onaangeraak te staan. Wat om te maak van al hierdie covidiote?

Prediker herinner ons daaraan dat alles tot 'n einde kom, en so sal dit ook met hierdie epog wees. Gaan ons heel en in eenheid anderkant uitkom? Ons hantering van die situasie en ons gesindheid teenoor mekaar gaan bepalend wees.

In hierdie omstandighede is die beste wat ons kan doen om mekaar die ruimte om verkeerd te wees te gun. Ons sal eers eendag – in die tru-spieël van tyd - weet wie was eintlik reg. In die tussentyd moet ons elkeen toelaat om volgens eie oortuiging te leef en self ook met eie oortuiging op te tree. Die persoon wat van jou verskil, is nie jou vyand nie.

Midde in hierdie orkaan-toestand is dit duidelik dat die owerheid in optrede homself as vyand van geloof geposisioneer het. Alle gelowe word deur die owerhede se optrede negatief geraak. Ons kan nie onsself uitsonder as Christene en stel dat ons geteiken word nie. Alle byeenkomste was nou al by drie afsonderlike geleenthede verbied. Jode mag nie by die Sinagoge byeen kom nie, Muslims mag nie op Vrydag saambid nie en Christene mag nie eredienste hou nie. Die laaste verbod het verder gegaan en die byeenkomste gekriminaliseer.

Wat sou die ideaal wees? Die ideaal sou wees dat al die inligting aan almal gegee word en dat elke groep self besluit oor die beste manier om die saak te bestuur. Daar is beslis gemeentes wat nie dadelik met eredienste begin het na die vorige inperking nie; daar sal nou weer groepe wees wat volstaan met die elektroniese bedienings. Die keuse om voort te gaan, moet aan elke groep oorgelaat word, met gevolge vir roekelose optrede.

Wat nou gebeur het, is dat die staat byeenkomstye geteiken het vir die verlengde inperking. Na twee weke is restaurante en gimnasiums weer relatief oop. Kom ons beredeneer die saak vir een oomblik deur middel van vrae stel:
Waar is dit die veiligste buite jou huis? In die dobbelhuis, of die kerk? Waar is dit die veiligste; in die winkelsentrum waar duisende mense sewe dae van die week beweeg, of in die kerk wat een maal per week vir 'n uur of twee gebruik word? Waar is dit die veiligste; in die winkel waar almal net hulle eie belange op die hart en in die hande dra, of in die kerk waar mense oor mekaar se welstand omgee? Die antwoord is voor-die-hand-liggend. Kan die erediens goedsmoeds afgeskaf word? Tydens die Spaanse griep - vroeg in die vorige eeu - het die mense voortgegaan met eredienste omdat hulle vrees vir die Here groter was as hulle vrees vir die griep. Kan *You-tube* of *WhattsApp* die erediens vervang? Dit is vrae waarmee elke gemeente moet worstel.
Die feit dat die owerheid besluit het om namens geloofgemeenskappe daardie besluite te neem, kom neer op die staat wat homself tot vyand van geloof verklaar. Laat daar oor hierdie stelling geen misverstand wees nie. Enige instansie wat die besluite neem wat die owerhede op hierdie stadium neem, spreek van 'n vyandige gesindheid. Daar is geen logika of rede in die optrede van die besluitnemers nie. Daar is geen konsekwente besluite wat geneem word nie. Wonder jy oor die bedoeling van die staat? Daar word die afgelope twee keer 'n twee weke inperking ingestel. Lank genoeg om seer te maak, maar nie lank genoeg om 'n dringende hofaansoek te regverdig nie. Dan word die inperking weer vir net twee weke verleng.
Daar is groot groepe wat plunder en verbrand, die polisie se aandag moet daarop gefokus wees, nie op die nederige aanbidding van wetsgehoorsame burgers nie.
Die staat het in sy optrede en benadering dit duidelik gemaak dat hy die vyand van gelowiges is. Ons as Christene is ingesluit by daardie groot groep teen wie die staat sy optrede mik.

## Berigte en Kennisgewings

### LEWENSBROOD DAGSTUKKIES 2022

Dagsê dr. Johan en Jaco
Ek vertrou dat dit met elkeen van u goed gaan en dat u albei veilig en gesond verkeer.
Ek wil u egter die baie goeie nuus meedeel dat al die predikante wat gevra was om dagstukkies te skryf, dit wel gedoen het en dat almal ontvang is. Dis net so 'n rapsie oor die drie weke na die sperdatum. Al die predikante se bydraes word werklik waardeer. Ek besef die dagstukkies plaas nog meer druk op ons predikante, asof hulle nie genoeg druk het nie, maar my opregte dank aan ieder en elk wat tyd daarvoor ingeruim het.
Dit is tog net hartseer dat daar twee (drie) jonger predikante is wat nie enige bydraes gegee het nie. Dan is daar ouer predikante soos prof HG, ds. Lou Swanepoel en ds. Freek van der Merwe wat nie gevra word nie. Dan ons grootste waardering aan prof Pont. Op sy "oudag" is hy nog een van die staatmakers – binne twee weke het ons sy dagstukkies ontvang nadat die e-posse uitgestuur was. Aan u, die mediakomitee, ons opregte dank ook

wat u doen en nog steeds besig is om te doen. Mooi dag, groete Paul

**DIE BONDSVERGADERING**

Die Bondsvergadering te Stilfontein wat beplan is vir 12-14 September 2021 gaan voort. Die Skriba het reeds die relevante dokumentasie aan gemeentes gestuur. Kerkrade moet die afgevaardigdes nomineer en die Geloofsbrief en mandaat invul. Geloofsbriewe, mandate, verslae en beskrywingspunte moet teen 25 Julie by die Skriba ingedien wees. U word daaraan herinner dat die mandate verwys na die finansies en slegs dit wat op die Agenda geplaas word.

**BONDSDAMES PROJEK**

Die dames samel jaarliks geld in vir die befondsing van die GHG se teologiese opleiding. Die volgende kwilt is ook koningin grootte (2450 x 2450 ) Die tema is Nostalgie. Alle lootjie lyste moet reeds ingehandig wees by Alida van Wyk by vanwyka@mweb.co.za Gelde t.o.v. die lootjies, moet inbetaal word in die Geloofsbond se rekening. Gebruik verwysing Kwilt 2021. Bewys van betaling moet ook aan Alida van Wyk gestuur word. Bankbesonderhede: Gebruik Kwilt 2021 as verwysing:
GHG
Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)
Rekeningnommer: 6243 092 3088
Tak: Pretoria-Noord Takkode: 250 655
Vir verdere navrae kan Alida van Wyk van Wes-Rand gemeente gekontak word. Loopfoon: 083 680 5121 Vonkpos: vanwyka@mweb.co.za

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalenders
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com